

'n Gemeenskap wat dien



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

2 Korinthiërs 2:14-16, Eksodus 32:1-14, 1 Petrus 2:12, Filippense 2:15, Efesiërs 2:19, Hebreërs 10:23-25.

Geheueteks:

“Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het. Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie daade” (Hebreërs 10:23 en 24, NAB).

In ons pogings om die Christelike sending te volvoer, moet ons nie die kerk se potensiaal as 'n georganiseerde geloofsgemeenskap onderskat nie. Soos ons reeds vasgestel het, staar 'n mens bepaalde uitdagings in die gesig sodra jy onreg en armoede probeer aanspreek. Deur egter as medegelowiges en as 'n geloofsgemeenskap saam te staan en te werk, kan ons die mense om ons tot seën wees. In hierdie saamstaanpoging kom gemeentes egter gou in die versoeking om by die bestuursake van die kerk vas te haak, en dan vergeet hulle dat diens en diensbaarheid ons Godgegewe bestaansrede is. As 'n kerkliggaam behoort ons nie die lyding, swarkry en euwels om ons te ignoreer nie. Christus het dit nie gedoen nie en daarom behoort ons dit ook nie te doen nie. Ons moet getrou aan ons mandaat bly – naamlik om die evangelie te verkondig. Daarmee saam moet ons ook ten bate van diegene wat onderdruk word, dié wat hongerly en nie klere het nie, asook die weerloses werk.

Tesame as 'n kerkgemeenskap en 'n kerkgenootskap, is ons die liggaam van Christus (*lees 1 Kor. 12:12-20*). Derhalwe moet ons wandel soos Jesus gewandel het, en uitreik soos Hy uitgereik het. In vandag se wêreld moet ons ander dien – met Jesus se hande, voete en stem, en met sy hart.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 28 September.*

Gesante van verandering

Ons het in die eerste hoofstukke van Handeling gesien hoedat die eerste Christene 'n nuwe soort gemeenskap op die been gebring het. Hulle het vir die behoeftiges in hul geleedere gesorg, en het ook tesame na dié buite die gemeenskap uitgereik. Laasgenoemde is met liefdadigheid begroet, tesame met die uitnodiging om aan die groot dinge wat die Here onder hulle vermag het, deel te hê. By Jesus se lig- en sout-metafore voeg Paulus 'n aantal ander, ten einde die kerk se werking in die wêreld te beskryf. Diegene wat as kinders van God leef, word onder andere soos volg in die NAB beskrywe: as offers (*sien Rom. 12:1*), as die liggaam van Christus (*lees 1 Kor. 12:12-20*), as gesante van Christus (*lees 2 Kor. 5:18-20*), en as 'n aangename geur (*lees 2 Kor. 2:14-16*). Elkeen van hierdie beelde lê klem op 'n bepaalde sy van ons roeping as verteenwoordigers en bewusmakers van Gods koninkryk in die teenswoordige wêreld, ten spyte van die skade wat die groot stryd oraloor aanrig.

Let op al die maniere wat ons “verteenwoordigersrol” hierbo uitgebeeld word. Watter een beskryf die beste hoe jy graag die Here en sy weë in jou gemeenskap wil verteenwoordig, en waarom?

Elkeen van hierdie beelde het 'n bepaalde aksie (of werk) wat daarmee geassosieer word, hoewel daardie werke nie 'n manier is om God se aanvaarding te bekom nie. Nee, deur die genadegawe van Jesus se soenoffer geniet ons alreeds sy aanvaarding, waarna ons op God se liefde en genade reageer deur sy gesante te wees, gesante in 'n terminale wêreld vol pyn. Tog is daar ook 'n dieper sy aan daardie werke. Neem in ag dat Gods liefde en genade die kern van sy koninkryk is. Wanneer ons dus op dieselfde manier as Jesus optree – deur Gods liefde en genade aan ander te weerskaats – bewaarheid ons nou reeds die ewige koninkryk, neem ons alreeds daaraan deel. Volgens internasionale reg is 'n ambassade 'n verlengstuk van die land wat dit verteenwoordig, ten spyte van die feit dat dit in die buiteland geleë is, selfs al is dit derduisende kilometers van die ambassade se tuisland af. Insgelyks is die uitvoer van God se koninkrykbeginsels 'n teenswoordige kykie in 'n ewige werklikheid, en dui derhalwe op, en is 'n voorsmakie van, die bouse se finale nederlaag. Die uitleef van daardie koninkrykbeginsels, as gesante van Christus en as verteenwoordigers van sy koninkryk, beteken dat ons sy liefde en geregtigheid as iets wesentliks kan beleef – in ons eie lewens, in die kerk, en in die lewens van diegene wat ons stewe om te dien.

Lees 2 Korinthiërs 2:16. Wat is die verskil tussen die twee reuke wat hier beskryf word, en hoe weet 'n mens watter een jy (of jou gemeente) is?

'n Oorblyfsel wat dien

Die standaarddefinisie vir die profetiese oorblyfsel verskyn in Openbaring 12:17. Dit is diegene “wat die geboorte van God bewaar en die getuies van Jesus Christus hou” (OAB, lees ook hfst. 14:12). Regdeur die Bybel is dit die eienskappe waaraan God se kinders in die pylvak van die geskiedenis uitgeken gaan word. Wat meer is, in dieselfde bybelverhale is voorbeelde van hoe so 'n oorblyfsel moet optree en veral hoe hulle in terme van naastediens moet optree.

Om Moses as voorbeeld te hê, is byna genoeg om 'n mens af te skrik! Lees Eksodus 32:1-14. Hoe stem dié betrokke verhaal oor Moses en die beskrywing van die oorblyfsel in Openbaring 12:17 ooreen?

In sy woede dreig God om Israel te vernietig en die verbondsbelofte wat aan Abraham gemaak is – dat sy nageslag soos die sand van die see sal wees – aan Moses en sy mense oor te dra (*lees Eks. 32:10*). Tog het Moses nee gesê. Om die waarheid te sê, Hy is nogal dapper en bevraagteken God se voorgenome plan, met die implikasie dat dit die Here in 'n slegte lig sal stel (*lees Eks. 32:11-13*). Dan voer Moses dit boonop verder, en plaas sy lewe op die spel ter wille van sy saak voor God. Moses het 'n vreeslike stryd gevoer met die volk in die woestyn. Sedert hul bevryding uit Egipteland het hulle periodiek gemurmureer en stry gekry. Tog sê Moses vir die Here hier: as U nie in staat is om hulle te vergewe nie, “moet U my naam maar uitvee uit die boek wat U geskrywe het” (*Eks. 32:32, NIV*). Moses is bereid om die ewigheid prys te gee om sy reisgenote te red!

Wat 'n kragtige voorbeeld van selfopofferende bemiddeling, en dit vir mense wat dit beslis nie verdien het nie! En wat 'n kragtige simbool van die groter verlossingsplan! “Terwyl Moses vir Israel intree, verdwyn sy teruggetrokkenheid soos mis voor die son. Al wat te voorskyn kom, is sy diepe besorgdheid teenoor, en liefde vir, diegene wat hy met God se hulp tot vele oorwinnings gelei het. Die Here slaan dan ook ag op Moses se pleidooie, en verhoor sy onselfsugtige gebed. God het inderdaad sy dienskneg getoets. Hy het Moses se getrouheid en liefde vir die immer fouterende, ondankbare volk getoets, en Moses het daardie vuurdoop edelmoedig deurgesien. Boonop het hy nie om selfsugtige redes in Israel belanggestel nie. Die welstand van Gods uitverkore volk was vir Hom kosbaarder as aansien of as die voorreg om die stamvader van 'n magtige nasie te wees. Die Here was diep tevrede met Moses se getrouheid, met die eenvoud van sy geloof en sy integriteit. So vertrou Hy dan die groot taak om die volk na die beloofde land te lei, aan Moses toe – Moses, die volk se getroue herder” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 319).

Wat leer 'n mens hieruit oor die hantering van immer fouterende lidmate en medegelowiges (binne perke, natuurlik)?

Uitreik na ander

Kerkbesprekings val gedurigdeur by 'n keuse tussen twee moontlikhede vas – dit is óf maatskaplike opheffing óf bybelstudie, óf liefdadigheid óf getuig vir Christus, en dit is óf geregtigheid óf evangelisasie. Wanneer elk van hierdie begrippe beter verstaan word en ons op Jesus se aardse bediening let, vervaag die kategorieë egter. Dan sien 'n mens die noue band tussen die verkondiging van die evangelie en naastediens. In een van Ellen G. White se bekendste aanhalings, omskryf sy dit soos volg: “Christus se metode is al wat ware sukses in sieleredding gee. Die Heiland het met ander gemeng, as een wat hul welstand op die hart gedra het. Hy het sy medelye getoon, in hul behoeftes voorsien, en hul vertroue gewen. Eers daarna het Hy gesê: ‘Volg My’... “Die armes moet verligting ontvang, die siekes versorg word, die treurendes vertroue word, die ongeligtes tot insig gebring word, en die onervarenes met raad bedien word. Ons moet huil saam met dié wat huil, en jubel saam met dié wat jubel” (Ellen G. White, *The Ministry of Healing*, bl. 143). Soos ons reeds in die Skrif gesien het, was daar 'n noue band tussen die twee koninkrykhandelinge, tussen die strewe na geregtigheid en evangelisasie – nie net in Jesus se eie bediening nie, maar ook in sy eerste sending van die twaalf: “En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom. Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee” (*Matt. 10:7 en 8, OAB*). Kortom: een van die beste maniere om die evangelie aan ander te bring, is om na hul behoeftes om te sien.

Lees 1 Petrus 2:12 en Filippense 2:15. Wat sê Paulus en Petrus aangaande die groot getuieniswaarde van weldade wat deur God se kinders verrig word?

'n Meer omvattende beskouing van die blye boodskap toon dat evangelisasie sonder 'n passie vir mense eenvoudig nie sin maak nie. Skrifgedeeltes soos 1 Johannes 3:16-18 en Jakobus 2:16 onderstreep juis hoe teenstrydig die verkondig van die evangelie sonder 'n meegaande uitleef daarvan is. Wanneer evangelisasie – d.w.s. die verkondiging van die goeie nuus dat daar hoop, redding, berou, transformasie en die totaal-inklusiewe liefde van God is – wanneer dit tot sy volle reg kom, is dit juis die vergestaltung van geregtigheid.

Beide evangelisasie en die strewe na reg en geregtigheid spruit uit die besef dat God die verlore, gebroke en lydende mensdom innig liefhet – en dat daardie liefde ook deur God se teenwoordigheid in ons harte en lewens kan posvat. Dit is nie 'n kwessie van een geloofshandeling wat bo 'n ander verkies word nie. Nee, inderwaarheid werk ons saam met die Here in diens van die mens, deur waarlik in hul behoeftes te voorsien en deur elke beskikbare hulpbron te gebruik wat die Here aan ons toevertrou het.

Die verrigting van weldade is iets wat die gelowige beslis moet doen. Tog kan die evangelie wel in die slag bly. Hoe voorkom 'n mens dit?

Genade binne die kerkgemeenskap

Aan die begin van Job wys die Here op daardie bybelfiguur se getrouheid. God sê basies dat Job 'n soort toonbeeld is – van die goedheid van die Here se weë en die wyse waarop Hy die gevalle mens hanteer (lees hfst. 1:8). Besonder merkwaardig is die feit dat die Here die soort lewe wat sy volgelinge lei as vertoonstuk vir sy Naam en reputasie gebruik. Paulus verruim hierdie vertroue wat God in sy getroue kinders stel, en sluit die kerkgemeenskap daarby in: “Maar nou het God die ryke verskeidenheid van sy wysheid deur die kerk bekend laat word, aan elke mag en gesag in die hemelruim” (Ef. 3:10, NAB).

Lees Efesiërs 2:19. Let op die feit dat die kerkgemeenskap hier as die “huisgesin van God” (of in die OAB as “huisgenote van God”) beskryf word. Wat behels dié begrip “huisgesin” als? Watter uitwerking behoort hierdie metaforiese beskrywing op die doen en late van die kerkgenootskap en haar gemeentes te hê?

Die wyse waarop enige groep of organisasie sy lede behandel, weerspieël daardie groep se gemeenskaplike grondbeginsels. As die huisgesin van God, die liggaam van Christus en die tuiste van Gods Gees, het die kerk die mees verhewe roeping om uit te leef en Naam om gestand te doen: “Want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges” (1 Kor. 14:33, OAB). Geregtigheid, genade en liefde – soos dit in Gods geregtigheid, genade en liefde geopenbaar word – behoort die hoofbeginsel van al die kerk se doen en late te wees. Die ganse kerkgenootskap en haar leiers – van gemeente- tot wêreldvlak – behoort hierdie beginsels as rigsgoer vir doeltreffende leierskap, besluitneming en die versorging van “die geringstes” binne groeverband te volg. Dit verskaf ook riglyne vir die oplos van meningsverskille wat af en toe onder lede ontstaan. As gelowiges mekaar nie eers op 'n billike wyse en met waardigheid kan behandel nie, hoeveel te minder ons medemens daarbuite?

Vir sy werknemers moet die kerkgenootskap 'n goeie werkgewer wees wat haar werkers goed besoldig. Die welstand van lidmaat en mens moet voorrang geniet. Wat meer is, die organisasie moet enige onregverdigde en onbillike behandeling van lidmate aktief bestry. Ons kerke moet ook veilig wees, met alle lidmate wat hul bes doen om die weerlose te beskerm. Soos ons reeds in die vroeë-Christelike kerk gesien het, behoort gelowiges saam te staan en hulle te beywer vir die ondersteuning van diegene in hul midde wat swaarkry en behoefdig is.

Jesus beveel ons boonop om hierdie dinge te doen, en noem dat dit nie net die kerk as 'n geloofsgemeenskap sal transformeer nie, maar ook die tasbaarheid van hul geloof aan die wêreld ten toon sal stel: “'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het” (Joh. 13:34, 35, OAB).

Aansporing van mekaar tot goeie werke

Ten spyte van ons beste bedoelings en beweegredes, en ten spyte van die geloofsekerheid dat ons aan God se kant is en doen wat reg is, is die Here se werk somtyds moeilik om te doen. Daar is teleurstellings. Pyn en hartseer is 'n werklikheid. Dit is een van die redes hoekom ons behoefte aan 'n kerkgemeenskap het. Die kerk as ondersteuningsnetwerk is iets wat Jesus met sy dissipels gedemonstreer het. Hulle is selde alleen uitgestuur. Waar dit wel gebeur het, het diesulkes sommer gou weer by die ander aangesluit om hul wedervaringe te deel, en om krag en moed uit die samesyn te put.

Lees Hebreërs 10:23-25. Hebreërs 10:25 is die bekendste vers in dié skrifgedeelte, maar hoe bied die voorafgaande twee verse ons bykomende insigte? Op watter maniere kan ons mekaar “tot liefde en goeie dae” aanspoor” (NAB)?

In byna elke taak, saak of projek kan 'n groep mense tesame meer as die afsonderlike lede uitgerig kry. Dit herinner sterk aan die beeld van die kerk as die liggaam van Christus (*lees Rom. 12:3-6*), waarin ons uiteenlopende dog aanvullende rolle speel. Wanneer elkeen van ons doen waarin hy of sy die beste is, en dit boonop doen sodat dit gesamentlik 'n goeie uitwerking het, kan ons met geloofsekerheid aanvaar dat ons werk en lewens 'n ewige verskil sal maak. Wanneer dit by reg-doen kom, is resultate weliswaar belangrik. Die gevolge van 'n mens se pogings raak immers mense en hul lewens, hoewel ons soms ook die gevolge aan die Here moet oorlaat. Ons poog dus om armoede te verlig, om die kwesbare te beskerm, om die verdruktes te bevry, en om vir die stilgemaaktes op te kom – alles dinge waarin ons sporadies 'n bietjie sukses behaal. Nietemin werk ons met die geloofsbesef dat hierdie projekte deel van 'n meer verhewe projek is, een waarin sukses 'n uitgemaakte saak is: “Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges” (*Gal. 6:9 en 10, NAB; en lees ook Heb. 13:16*). Dit is dan ook hoekom ons tot wedersydse aanmoediging geroep word – om aan mekaar moed te gee, soos die begrip tereg sê. Om getrou aan ons roeping te wees en te leef, is beide 'n vreugde en 'n kopseer. Met 'n God en 'n kerkgesin wat geregtigheid nastreef, het ons die beste ondersteuning waarop enigeen kan hoop – en daarom rig ons die uitnodiging aan ons medemens om daarby aan te sluit.

Ken jy iemand of weet jy van iemand wat gereeld die lyding of swaarkry van ander verlig? Hoe kan jy daardie persone (of dalk persone) onderskraag in die goeie werk wat hy, sy of hulle doen?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White – “A Faithful Witness” op bl. 546-556 in *The Acts of the Apostles*, en “Kindness the Key to Hearts” op bl. 81-86 in *Welfare Ministry*. “Die werk wat die dissipels gedoen het, behoort ons ook te doen. Elke Christen moet ’n sendeling wees. Met simpatie en medelye moet ons die behoeftiges om ons bedien, opreg soekend na onbaatsugtige wyses om die las van die lydende mensdom te verlig... “Ons moet dié wat honger is kos gee, die wat nie klere het nie klee, dié wat seerkry en swaarkry vertroos. Diegene wat desperaat is, moet ons bedien, en hoop aan die hopelose bring. “Die liefde van Christus in die vorm van onbaatsugtige diens is meer doeltreffend ter hervorming van boosdoeners as gewapende dwang of die regbank... Mense wat normaalweg met verharde harte op teregwysing reageer se harte versag dikwels na blootstelling aan die liefde van Christus” (Ellen G. White, *The Ministry of Healing*, bl. 104, 106). “Slawerny, die kastestelsel, onregverdige rassevoordeel, die onderdrukking van die armes, die verwaarlosing van minderbevoorregtes – al hierdie dinge word as onchristelik verwerp, ’n ernstige bedreiging vir die welstand van die mensdom. Tot die uitroei van hierdie euwels roep die Heiland sy kerk” (Die Wêreldkonferensiepresident, A. G. Daniells, met verwysing na die werk van Ellen G. White, ten tye van haar begrafnis; *Life Sketches of Ellen G. White*, bl. 473).

Vrae vir bespreking:

1. Daar is baie mense, groepe en organisasies wat poog om die nood en behoefte in ons wêreld te verlig. Watter unieke sterk punte, insigte en hulpbronne kan die Sewendedag-Adventistekerk daartoe bydra?
2. Kan jy dink aan ’n keer toe die kerkgemeenskap jou opgebeur en ondersteuning gegee het, en jou uiteindelik beter laat voel het? Hoe kan die positiewe wat jy uit daardie ervaring geput jou tot dieselfde onderskraging en opbeur van ander lei?
3. Watter ander dinge, benewens die ondersteuning wat die kerkgemeenskap jou bied, kan keer dat jy “moeg word van goed doen”?
4. Is jy bewus van enige opheffingsprojekte en geregtighedsinisiatiewe waarby die Sewendedag-Adventistekerk betrokke is? Watter bydrae kan jy tot dié sy van die kerk se sending maak?

Opsomming:

Ja, as Christene is ons geroepe tot die verligting van ons medemens se nood; veral dié wat seerkry en swaarkry, en onderdruk word. Hoewel ons elkeen sy of haar eie pligte in die verband het, is ons immers ’n naastediens-gerigte geloofsgemeenskap – wat beteken dat ons as kerkgesin heelwat meer doeltreffend kan wees.